

STERRE OP DIE BED

Sterre, rosette en

blare vorm saam dié

mooi deken

BENODIGDHEDE: Ongeveer 1,5 kg Pingouin Nr. 5; hekelpen van 1,50 mm;
MATE: 1 ster is 7 cm in deursnee; 1 blaar is 7 cm van punt tot punt in lengte.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek(steke) osk - oop skulp (3 lb, 3 ks, 3 lb) in dieselfde steek; smst - springmielisteek, 5 lb in dieselfde steek, trek pen uit lus, steek pen bo in eerste langbeen (onder al die lusse deur), vang lus wat laat val is en trek dit deur, heg vas met 1 kettingsteek; vlg - volgende; gs - glipsteek; sp(s) - spasie (spasies)

AANWYSINGS: Die deken bestaan uit 780 sterre, 30 halwe sterre wat tussen die heel sterre ingewerk word om op te vul by sykante en 64 blare. Die rand word heel laaste rondom gehekel.

STER: Begin met 6 ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.

1e rondte: 1 ks, 12 kb in ring.

2e rondte: 5 ks (vir 1e lb plus 3 ks), slaan 1 st oor, * 1 lb, 3 ks, slaan 1 st oor*; herh van * tot * nog 4 keer — 6 sps gevorm.

3e rondte: * 2 lb op lb, 5 ks*; herh rondom.

4e rondte: * 1 lb op 1e lb, 1 lb tussen die 2 lb, 1 lb op 2e lb, 7 ks*; herh rondom.

5e rondte: * 1 lb op 1e lb, 1 lb in elk van vlg 2 lb, 1 lb op 3e lb, 9 ks*; herh rondom.

6e rondte: * 1 lb op 1e lb, 1 lb in elk van 3 lb, 1 lb op 4e lb, 11 ks*; herh rondom.

Hekel 780 sulke sterre en 30 halwe sterre wat langs rande ingewerk word om op te vul.

BLAAR: Begin met 12 ks en hekel soos volg:

1e ry: 10 kb oor ks, 3 kb in laaste ks, draai en hekel oor tweede kant ook 10 kb, 4 draai-ks.

2e ry: 9 kb, maar steek hekelpen slegs in agterste lus in om 'n rif te vorm, hekel van hier af steeds slegs in agterste lus van elke steek; 2 ste in kb voor die punt, 3 kb in punt, 2 kb in daaropvlg st, 9 kb oor 2e kant, 4 draai-ks.

3e ry: 10 kb in vlg 10 kb, 2 kb in voorlaaste kb, 3 kb in punt, 2 kb in vlg kb, 10 kb in vlg 10 ste, 4 draai-ks.

4e tot 13e ry: Hekel voort soos gestel, hekel altyd 2 kb in voorlaaste st, 3 kb in punt en 2 kb in vlg st ná punt, eindig die ry op die voorlaaste st, draai met 4 ks.

Elke ry word 1 st langer en die laaste ry behoort 18 ste aan elke kant te hê. Hekel 64 sulke blare.

ROSET: 8 ks, gs om ring te vorm.

1e rondte: 6ks, (1 lb in ring, 3ks) 4 keer, gs in 3e van 6 ks.

2e rondte: * (1 hlb, 5 lb, 1 hlb) in elke sp; gs in agterste ls van 1e hlb van rondte.

3e rondte: (5 ks, gs in agterste ls van 1e st van vlg blomblaar) 5 keer.



DIAGRAM VIR OMRANDING OP UITVOUBLAD

4e rondte: Hekel (1 kb, 8 lb, 1 kb) in elke sp; verbind met gs in 1e kb.

Werk netjies af. Hekel soveel rosette soos verlang.

OMRANDING: Hekel 3 rye kb oor kort kante.

Hekel oor die 2 lang sykante soos volg:

1e en 2e ry: kb.

3e ry: * 2 kb, 1 ks, slaan 1 st oor, 1 smst, ks, slaan 1 st oor*; herh tot einde.

4e en 5e ry: kb.

6e ry: * 1 lb, 1 ks, slaan 1 st oor*; herh tot einde.

7e ry: * (1 kb in lb, 1 kb in sp) 8 keer (d.w.s., in vlg 8 sps, dus 16 kb), 1 kb in vlg lb, 3 ks,

slaan 1 sp oor, 1 osk in vlg sp, (d.w.s. die 10e sp vanaf begin), 3 ks, slaan 1 sp oor* herh tot einde.

8e ry: * slaan 1e kb oor, 7 kb, 1 ks, 1 smst in vlg st, 1 ks, 7 kb, 5 ks, 1 osk in osk, 5 ks* herh tot einde.

9e ry: * slaan 1e kb oor, 13 kb, 6 ks, 1 osk in osk, 6 ks*; herh tot einde.

10e ry: * slaan 1e kb oor, 3 kb, 1 ks, 1 smst, 1 ks, 3 kb, 1 ks, 1 smst, 1 ks, 3 kb, 7 ks, 1 osk in osk, 7 ks*; herh tot einde.

11e ry: * slaan 1e kb oor, 9 kb, 8 ks, 1 osk in osk, 8 ks*; herh tot einde.

12e ry: * slaan 1e kb oor, 3 kb, 1 ks, 1 smst, 1 ks, 3 kb, 9 ks, osk in osk, 9 ks*; herh tot einde.

Dit voltooi die deken.